

**24 Mei**

**Skrifgedeelte: Handeling 19:11-20**  
**Fokusgedeelte: Handeling 19:20**

**Die Woord van die Here toon sy krag en sal al hoe verder versprei!**

Om aan mense die boodskap van verlossing te verkondig is altyd meer as net 'n woord óór God, dit is ook 'n woord ván God. Dit is meer as net 'n boodskap oor verlossing, maar eerder die gebeure van die verlossing self, meer as net 'n uitspraak, eerder 'n vryspraak. Dit het die sewe seuns van 'n hoëpriester met die naam Skeva, in die tyd van Paulus se dienswerk in Efese, met erge gevolge agtergekom.

In 'n stad waar okkultiese bedrywighede aan die orde van die dag was en mense wins gemaak het met die uitdrywing van bese geeste, het die sewe seuns van Skeva gemeen dat hulle hierin 'n slag kon slaan. Hulle het Paulus dopgehou waar hy siekes genees het, duiwels uitgedryf het en toe gedink dat hulle met die naam van Jesus Christus, as towerformule, dieselfde sou kon doen. "Maar een van die bese geeste het vir hulle gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle? Die man met die bese gees spring toe onder hulle in en oorweldig hulle. Hy was te sterk vir hulle, sodat hulle kaal en stukkend geslaan uit daardie huis gevlug het" (vs 15 en 16).

Die seuns van Skeva was baie beïndruk met Paulus se vermoë om bese geeste te kon uitdryf en wou hom dit nadoen. Paulus se vermoë was egter nie uit homself nie, maar met die gesag wat God hom daartoe gegee het. Nie sy eie woorde nie, maar die blye boodskap dat in en deur Jesus Christus alleen verlossing en redding moontlik is. Hier sien ons die kragvolle werking van God se woord, wat God al deur Jesaja geprofeteer het: "So sal die woord wat uit My mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigtersake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het" (Jes. 55:11).

So roep en gebruik die Here ons vandag nog in ons dienswerk as gelowiges. Om verkondigers te wees van die blye boodskap dat Christus ons Verlosser is. Nie ek op die voorgrond nie, nie my boodskap nie, maar die Woord van God, wat elke tong sal bring tot erkenning dat Jesus Christus die Here is, tot eer van God die Vader. Só sal die Woord van die Here sy krag toon en al hoe verder versprei!

*Sing: Psalm 128:1 (2001)*

*Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*